

ENTSTOF

Hartwater 'n voorrangsaak

'N KOMITEE is aangewys om die ontwikkeling van 'n entstof teen hartwater te koördineer en te bestuur.

Op 'n vergadering tussen verteenwoordigers van die nasionale Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), die nasionale Dieregesondheidsforum, die Nasionale Wolkwekersvereniging, Onderstepoort Biologiese Produkte en die Landbounavorsingsraad is ook besluit dat 'n diensverskaffer aan-

gestel gaan word om 'n opname te doen oor die voorkoms van hartwater, die ekonomiese impak van die siekte, asook die ekonomiese impak wat 'n entstof sal hê.

Die vergadering was dit eens dat 'n hartwater-entstof uiters belangrik vir die veebedryf is. Dit is die mees beperkende siekte ten opsigte van skaap- en beesproduksie. Die gebiede waar hartwater in Suid-Afrika voorkom, het waarskynlik verdubbel. Kwa-Zulu-Natal, Noordwes en Mpumalanga is tans rampegebiede ten opsigte van die voorkoms van hartwater.

Dit word vererger deur die feit dat die dierbevolkings nie geneties geselekteer is om teen hartwater bestand te wees nie, aan-



Bontbosluis onder 'n bees se stert. Hulle is draers van die organisme wat hartwater veroorsaak.
FOTO: LBW-ARGIEF

gesien die siekte nou vir die eerste keer in sekere gebiede voorkom. Kuddes in gebiede waar die siekte endemies is, bied geneties weerstand teen hartwater.

WERKSESSIES

Als reg vir beleid oor koolstofspoor

DIE Departement van Omgewingsake en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie se voorstelle vir 'n koolstofbelastingstelsel en 'n koolstofverrekeningstelsel is nou beskikbaar vir kommentaar. Volgens die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) kan die konsultasieproses vir die formulering van beleid ten opsigte van die bedryf se koolstofspoor nou begin.

Werkessies gaan binnekort in die onderskeie provinsies aangebied word. Die georganiseerde landbou en die provinsiale Rooivleisprodusente-organisasies (RPO's) gaan daarby betrokke wees.

Dr. Heinz Meissner tree tans namens die georganiseerde landbou op om bydraes in dié verband te koördineer.

BEDRYF SE BYDRAE

Ten opsigte van die rooivleisbedryf het die Rooivleisnavorsing-en-ontwikkelingstrust (RMRDT) reeds verskeie projekte oor die koolstofspoor goedgekeur en gefinansier. Dit plaas die bedryf in 'n posisie om met behulp van plaaslike inligting te werk te gaan. Volgens die RPO is dit veral belangrik dat die koolstofvrystelling van natuurlike hulpbronne, asook aangeplante weiding in aanmerking geneem word wanneer die rooivleisbedryf se koolstofspoor bespreek word.

LANDBOU SE IMPAK BEKYK

Suid-Afrika en Afrika suid van die Sahara sal volgens voorspellings aan die voerpunt van ongewone probleme staan wanneer die ongunstige impak van klimaatsverandering na vore tree. Die landbou is onlosmaaklik aan klimaatsverandering verbind en word ook die meeste daardeur geraak. Dit is omdat dit die sektor se primêre verantwoordelikheid is om die

bevolking te midde van ongunstige toestande te voed. Aangesien die landbou die skuld kry vir talle kweekhuisgasvrystellings is dit dié sektor se plig om sy vrystellings te beperk en die verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

Die landbou is eiesoortig in die opsig dat sy bydrae tot 'n versagting van klimaatsverandering tweeledig kan wees, naamlik om vrystellings te verminder en om koolstofopberging en sekwestrasie te beperk. Die middele vir die beperking van uitlatings is egter beperk, terwyl die moontlikhede om koolstof op te berg, onbeperk is en daadwerklik nagestreef behoort te word. Dit sal egter toewyding van alle belanghebbendes en belangegroepe verg en sluit 'n verbintenis tot die hulpbronne in.

Die Regering het op 'n koolstofbelastingstelsel besluit om die tempering van skade in alle sektore aan te moedig.

WAT BEHELS DIE VOORSTELLE?

Konsepvoorstelle deur Agri SA se kommoditeitskamer behels onder meer om boere aan te moedig om volhoubare grondbestuurspraktyke in werking te stel om koolstof op te vang aangesien dit die kern is van die proses om onvermydelike vrystellings te oorkom. Dit verg 'n goed ontwerpte benadering wat op wetenskaplike praktyke en beginsels gegrond is.

Dié benadering sluit in 'n omvattende regsraamwerk, meganismes om mense op te voed oor grondgebruik, asook om veranderings ten opsigte van grondgebruik te bevorder. Wat ook nodig is, is 'n verskeidenheid finansiële en markgebaseerde ekonomiese projekte om die proses

te begin, met 'n daaropvolgende beloningsaksie wat die potensiaal het om verbeterings moontlik te maak.

Sover dit bewaringslandbou betref, is opvoeding en bemagtiging, asook ander volhoubare landboupraktyke, deurslaggewend.

Die volgende kan as riglyne gebruik word deur private en regeringsinstellings:

- Help met die formulering en werking van boerdery-vernuwingsplatforms en -stelsels om bewaringslandboupraktyke aan ander oor te dra, te leer, te implementeer en te bevorder.
- Help met navorsing waar verskillende belangegroepe (soos wetenskaplikes, voorligters, boere en landbou-ondernemings) verantwoordelikhede deel. In dié konteks kan navorsings- en ontwikkelingsprojekte van stapel gestuur word vir monitoring- en assesseringsraamwerke ter ondersteuning van die Departement van Omgewingsake se stelsel vir kweekhuisgasvrystellings, die koolstofspoor en -sekwestrasie wat verskeie grondgebruikstelsels betref. Loodsprojekte behoort ook die versameling van maatstaf-data vir verskillende bedrywe en streke te prioriteer.
- Die opvoeding en betrokkenheid van voorligtingsbeamptes om te leer oor en deel te neem aan vernuwende projekte en navorsing.
- Verbeter die algemene bewustheid en begrip deur onder meer die sosiale media, tydskrifte en koerante, konferensies en boeredae te gebruik om inligting te verskaf oor die impak van die koolstofspoor en die volhoubaarheid van die verskillende boerderystelsels.
- Identifiseer en/of versterk die verskillende landelike institusionele reëlings, veral onder kleinboere en kommunale stelsels, as platforme om plaaslike produksiestelsels by wyse van bewaringslandboustelsels te verbeter.



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102. E-POS: rpo@lantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.